Publication: Burger (Kaap)

Date: Friday, April 04, 2025

Page: 1

'NIKS IS FINAAL NIE'

DA wil nog aanbly in RNE – vir eers

ANC-jeugliga eis dat party se ministers uitgeskop word

Verslagspan

Vraagtekens hang steeds oor die DA se verdere deelname aan die regering van nasionale eenheid (RNE) weens die voortslepende begrotingskrisis.

Die DA se federale uitvoerende komitee het gistermiddag vergader oor onder meer "die begroting, die party se verdere deelname aan die RNE en die verhoging in belasting op toegevoegde waarde (BTW)".

Helen Zille, voorsitter van die DA se federale raad, het gister gesê die federale uitvoerende komitee "het 90 minute lank vergader" en gesprekke sal voortduur. "Nog niks is finaal nie."

Betroubare bronne het egter aan *Die Burger* gesê op die vergadering is besluit dat die DA vir eers deel van die RNE sal bly nadat die meeste lede op die vergadering ten gunste daarvan was.

"Die meerderheid se siening is dat ons in die RNE sal bly en sal voortveg vir die 3,5 miljoen kiesers wie se mandaat ons het," sê 'n bron.

John Steenhuisen, DA-leier, het self gistermiddag in die parlement 'n sterk aanduiding gegee dat die DA moontlik nog in die RNE sal aanbly.

Hy sê op 'n vraag van 'n EFF-LP wat wou weet of hy nog nie bedank het nie nadat die DA Woensdag teen die begroting gestem het, LP's wat hoop om DA-ministers in die RNE te vervang, sal nog moet wag.

Hy het bygevoeg hy weet sekere lede (EFF) is desperaat om in die ministerskantore te kom, maar hulle sal nog 'n bietjie moet wag.

Dr. Pieter Groenewald, VF Plus-leier, het aan *Die Burger* bevestig dat dié party, wat ook teen die begroting gestem het, se deelname aan die RNE sal voortgaan.

ActionSA, wat Woensdag onverwags die ANC gehelp het om die begroting se fiskale raamwerk en inkomstevoorstel in die parlement deurgevoer te kry, het gister gesê hy sal sy standpunt ten opsigte van die RNE heroorweeg.

Athol Trollip, ActionSA se parlementêre leier, sê die party kon verlede jaar deel van die RNE geword het, maar het strategies verkies om 'n opposisieparty te wees.

Hy sê ActionSA sal egter sy standpunt heroorweeg as die DA die RNE verlaat of uitgeskop word omdat die DA goed in opposisie is en die opposisieruimte buite verhouding vol sal wees indien dit gebeur.

Ramaphosa se boodskap aan DA

Timeslive berig pres. Cyril Ramaphosa het in 'n toespraak wat laat uitlek is 'n streep in die sand getrek en Dinsdagaand aan ANC-LP's gesê die DA het homself buite die RNE gedefinieer.

Hy het aan die ANC-koukus gesê die DA bevind hom in 'n onbenydenswaardige situasie deurdat hy die begroting verwerp het. Zille het gister by die hooggeregshof in Kaapstad in reaksie op die stemopname wat laat uitlek is, gesê dis "eintlik laf omdat die ANC 'onder die tafel'-ooreenkomste met sommige buite die RNE gaan sluit het om die begroting goedgekeur te kry".

Sy was by dié hof om die DA se hofstukke in te dien waarmee hy die aanvaarde fiskale raamwerk en inkomstevoorstelle vir die begroting wil betwis.

Die DA meen die prosesse wat gevolg is, is ongeldig en onwettig.

Die ANC-jeugliga het gister 'n beroep op Ramaphosa gedoen om alle DA-ministers en -adjunkministers summier uit die RNE te verwyder weens die party se verwerping van die begroting. Die jeugliga meen die DA ondermyn die RNE.

"Die DA se optrede is nadelig vir die eenheid en toekoms van ons land. Die DA se betrokkenheid by die RNE weerspieël nie gedeelde waardes nie, maar eerder opportunistiese politiek wat dien om die breër visie van inklusiewe regering te verswak," sê Mntuwoxolo Ngudle, sekretaris-generaal van die ANC-jeugliga.

ANC staan steeds by sy begrotingsproses

Die ANC self het gister gesê die aanvaarding van die fiskale raamwerk en inkomstevoorstelle vir die begroting is nie om politieke munt te slaan nie.

"Dit gaan eerder oor die versekering van 'n begroting wat die behoeftes van die arm mense en die werkersklas prioritiseer, die maatskaplike loon beskerm en om die ekonomiese herstel in stand te hou."

Mahlengi Bhengu-Motsiri, ANC-woordvoerder, sê die ANC het daarvan kennis geneem dat verskeie partye te goeder trou by die proses betrokke was en die "land bo eng belange geplaas het".

Adj.pres. Paul Mashatile het gister ook op die Gautengse beleggingskonferensie in Sandton gesê die begrotingsproses onderstreep dat demokrasie in Suid-Afrika bestaan en werk.

"Enige siening oor die begroting wat poog om die verbintenis van ons regering teenoor kwesbare en gemarginaliseerde mense te verwerp, is nie 'n begroting wat vir die mense is nie."

Volgens Mashatile is die regering daartoe verbind om nie net die land se ekonomie te herstel en te transformeer nie, maar ook om die lewe van Suid-Afrikaners te verbeter.

Christo van der Rheede, uitvoerende hoof van die FW de Klerk-stigting, het gister in reaksie op die begrotingsdrama gesê die stigting sal "verheug" wees as die DA nie uit die RNE bedank nie.

"Verskeie DA-ministers speel 'n kritieke rol in hul onderskeie ministeries. Hulle is ook strategies goed geposisioneer om enige vergrype bloot te lê en teen te staan."

– Dennis Delport, Llewellyn Prince en Raymond Willemse

■ **Nog berigte op bl. 2**

Landsburgers twyfel oor RNE

Slegs 42% van Suid-Afrikaners beskou samewerking binne die RNE as positief, terwyl 50% negatiewe sienings het. So het die marknavorsingsmaatskappy Ipsos in sy jongste meningspeiling getiteld "Suid-Afrikaners spreek twyfel uit oor RNE se samewerking en doeltreffendheid" bevind wat gister uitgereik is.

3 600 mense het tussen Desember 2024 en Januarie vanjaar aan die peiling van Ipsos en die Inclusive Society Institute deelgeneem.

Die navorsers sê onlangse gebeure in Suid-Afrika se politieke landskap het beduidende kommer oor die RNE se stabiliteit en doeltreffendheid na vore gebring.

Ten spyte van die RNE wat teoreties 'n gemaklike meerderheid het met sy 10 partye wat saam 287 stemme (in die Nasionale Vergadering) het, het kernvennote soos die DA en die VF Plus teen die begroting gestem, sê Ipsos.

Hy meen persepsies oor die RNE se vermoë om interparty-probleme op te los, weerspieël die lae vertroue in sy samewerkingsvermoens.

Die navorsers stel voor dat die RNE fokus op die bou van interparty-vertroue en openbare kommunikasie en strategiese boodskappe verbeter om vertroue op te bou.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.